

Woensdag 26 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:6-9 (AFR83/20)

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:7

Die verbond is nie ons gyselaar nie

Almal van ons het seker al gesien hoe kindertjies in groepe vorm en dan daardie groep toemaak vir almal anders. Party van ons dit doen self in ons eie lewens. In die tydperk wat Paulus hierdie brief geskryf het, was daar groot vrese dat die Jode se tradisies en kultuur sou verswak en uitsterf. Hulle groot probleem was nie dat jy deel van die verbond (geloofsfamilie) wou word nie. Hulle probleem was dat mense deel van die verbond geword het sonder om die Joodse tradisies en kultuur te onderhou.

In ons teksgedeelte maak Paulus dit duidelik dat die verbond glad nie afhanklik van die tradisies of kultuur is nie. Inteendeel, dit was God se plan van die begin af dat al die nasies en al die kulture in Abraham geseën sou word. Daardie seën is natuurlik God die Seun, Jesus Christus en sy kruisiging en opstanding. En jou toegang tot daardie seën is alleen die geloof.

Ons kan nie die verbond gyselaar hou agter 'n klomp vereistes nie, want God het dit aan almal belowe wat in Jesus Christus glo. Dit is deur die geloof en nie deur tradisies nie dat mens deel raak aan die verbond. Net deur die geloof het ons toegang tot die verbond, tot die geloofsfamilie wat in Jesus Christus lewe.

Sal ons die Jode se plan volg, wat daarvoor gaan dat ons ons eie kultuur en tradisies moet beskerm? Of sal ons God se plan volg wat die verbond uitdra na alle nasies en kulture toe?

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Ds. Z van't Zand (Zander) (Kameeldrift)